

KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 149 16 November 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel


Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Oorkondes en aktes

Die eerste konsilie het plaasgevind te Nicéa in Bitinië (nou İznik in Turkye) in 325 n.C. Tegnies was dit eintlik die tweede algemene kerkvergadering van die kerk. Die eerste vergadering was gehou in Jerusalem tydens die eerste eeu n.C. Dit staan eerder bekend as die Apostel konvent. By hierdie geleentheid het die kerk gepraat oor die eise van die wet (10 gebooie) en tot die volgende gevolgtrekking gekom: "*Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaklike dinge nie: dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg. Hartlike groete.*"

Die konsilie te Nicéa was die eerste van sewe wat oor die volgende paar eeue gehou sou word. Hierdie konsilie was op een aspek uniek, selfs gemeet teen die ander konsilieë. Teenwoordig by hierdie eerste algemene vergadering na die apostoliese era, was biskoppe en leiers wat slagoffers was as gevolg van die vervolging van Christene. Van die deelnemers het die littekens van die laaste vervolging gedra. Die laaste



vervolging het plaasgevind onder Aurelius Valerius Diokletianus (244–311n.C) wat Romeinse keiser was van 284n.C tot 305n.C. Volgens legende was daar 'n blinde biskop wie se oë uitgebrand is as deel van die vervolging. Dit is derhalwe logies dat daar sterk standpunt ingeneem sou word by Nicéa teen enige kettery.

Tydens die Reformasie was daar geen algemene vergadering nie, tog het van die ampsdraers die littekens van vervolging deur die Roomse kerk gedra. Dit was nie altyd brandmerke, verlore ledemate, stomheid of blindheid nie. Die emosionele aftakeling laat merke wat baie lank neem om te genees, wanneer dit die geleentheid tot genesing gegun word.

So kom ons dan by die GHG en die Bondspredikante. Die stryd met die NHKA was fel al was dit betreklik kort vergeleke met ander se vervolging. Dit was waarskynlik die liefdeloosheid van die moederkerk en die toelaat van onwettige optredes wat die merke so diep laat sny het. Die ultimatums, afpersing, emosionele manipulasie en verdagmaking was alles behalwe wat ons sou verwag van kerk. Die onkerkordelike hantering van ons predikante laat steeds 'n wrang smaak in die mond. Die naamskending en flagrante leuens was alles

deel van pogings om mense en gemeentes te manipuleer tot stilswye.

Die Bond se predikante is taai. Tog sal elkeen kan getuig van die seer en die kerk se pogings tot vernedering wat almal bybly. Tyd genees nie net wonde nie, dit beteken ook dat predikante ouer word en aftree. Ons is nou al daar waar die tweede predikant aftree. Ds Herman Gothan tree einde November af. Sy aftrede asook dr Storm se aftrede enkele jare gelede rig ons aandag op 'n leemte in ons mondering. Beide predikante se aftrede gaan gepaard met geen oorkonde of akte van losmaking vanuit die GHG nie. Dit is die gemeentes wat die losmaking hanteer, en dit is ook reg so. Ons selfverstaan maak dit duidelik dat daar geen sentrale kantoor of *kommenkommissie* is wat predikante met behoud van ampstatus losmaak nie. Juis hierin lê die probleem. Die GHG moet tog op 'n manier amptelik aandui dat die afgetrede predikant steeds akkreditasie het. Dr Storm het gewoon by Ellisras begin werk en dit is ook goed so. Die GHG het van meet af aan gestel dat dit die gemeentes is wat aan predikante die titel dominee toeken. Op 'n manier sal die Kuratorium aandag moet skenk aan dit wat reeds presedent is. Ds Gothan gaan by Eureka gemeente stig en begin preek. Dit gaan steeds nie daardie oorkonde leemte aanspreek nie. Ds Herman Gothan is 'n betroubare medestryder wat ook sy eie verhaal van vervolging en pyn kan vertel, soos trouens al die GHG predikante kan doen. Op 'n manier moet ons vir hom en dr Storm kan sê dankie. "Jy is een van ons, met oorlog littekens soos ons. Jy het in die stryd sterk gestaan en volhard. Dankie vir die deel van die harde pad wat jy saam met ons gestap het. Jou littekens is eervolle kentekens van volharding".

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BEKENDSTELLING:DIE OORD

Die Oord PV3 is 'n nasorgsentrum waar 180 volwasse verstandelike ingeperkte persone lewenslank versorg word. Mans en dames 18 jaar en ouer word gehuisves. Inwoners is nie net verteenwoordigend van 'n wye spektrum van aangebore genetiese afwykings byvoorbeeld Down-sindroom nie, maar ook verworwe verstandelik gestremdheid as gevolg van byvoorbeeld ongelukke.

Ooreenkomsdig 'n huisstelsel woon die inwoners van Die Oord in groepe van tien mans of dames per huis onder toesig van huismoeders.

Omdat ons geen staatsubsidie ontvang nie, is ons aangewese op verskeie fondsinsamelings-geleenthede om in ons kosbare inwoners se behoeftes te voorsien. Die algemene daagliks versorging wat mediese versorging deur verpleegkundiges insluit, is die primêre doel van Die Oord PV3. Hoewel die vermoëns van inwoners beperk is, word daar gepoog om die vaardighede van inwoners sover moontlik uit te bou en in stand te hou deur middel van die aktiwiteite waaraan inwoners daagliks deelneem.

Onder leiding van instrukteurs, verrig inwoners 'n verskeidenheid kontrakwerk vir nywerhede in die omgewing. So word daar fasiebordhegstukke verpak, grootmaat sweisstawe in 1 kg houers verpak, koper en geelkoper herwin, ens.

Uitgediende gasbottel regulators word ook op grootskaal gestroop vir die herwinning van edelmetale, ander metale en plastiek. By geleentheid word korttermyn projekte ook aanvaar.

Inwoners wat oor die vermoë beskik, kry ook ruim geleentheid om aan sport deel te neem. Jaarliks vind daar 'n nasionale swemgala sowel as 'n nasionale atletiekbyeenkoms plaas. Die inwoners neem ook gedurende die jaar deel aan 'n vloerhokkieliga, 'n aangepaste weergawe van Hokkie spesifiek vir persone wat verstandelik gestrem is. Die deelname aan die jaarlike Eisteddfod vind ook groot byval by die inwoners.

Inwoners ontpoog ook saans en naweke deur aan groepaktiwiteite deel te neem en konserte by te woon. Danse word twee maal per week gereël, met die Valentynsdans, Lentedans en Huiskonsert die hoogtepunte van die jaar. Vrydagmiddae is gesamentlike ontpoogmiddae waartydens inwoners hul snoepere by die snoepwinkel aankoop en onder die groot wildevyboom ontpoog.

Weliswaar word daar by Die Oord PV3 gepoog om elke inwoner sy menswaardigheid te laat behou en produktiewe lede van die gemeenskap te wees binne beskermde omstandighede.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

WANNEER ONS DAN BID

Die artikels wat die "Onse Vader" verklaar (soos in Die Skietlood gepubliseer) is verwerk na 'n handige boek. Dit sal gelowiges begelei in hul gebedslewe en kan dien as handige instrument vir Bybelstudie. Vir meer besonderhede en bestellings kontak Dr Otto by johan.otto@geloofsbond.org.za

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds
vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina
Steenkamp vir navrae en besprekings
0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
 - Kwitansieboeke
 - Offergawe boeke
 - Dames Kwitansieboeke
 - Konsistorie boeke
 - Reklame plakkate en ander drukwerk
- ella@teamworkprinters.com



DIE OORD PV3

Die Peglerae Vereniging vir die Versorging van persone met
verstandelike gestremdheid
(afgekort PV3)

The Peglerae Association for the care of persons with mental disability
(abbreviated PV3)

FI/FR NR 001-423 NPO
Postbus / PO Box 934 Brits 0250
Email oordpv3@iafrica.com

Tel (012) 253 0750

VRIENDE VAN DIE OORD

NAAM VAN REKENINGHOUER _____

BANK _____

TAKNOMMER _____

REKENINGNOMMER _____

TIPE REKENING _____

LOPENDE TJEK / SPAAR /
(SKRAP WAAR NIE VAN TOEPASSING)

Ek/Ons die ondergetekende(s) magtig u om my/ons rekening by bogenaamde bank (of 'n ander bank of tak waarheen
ek/ons/ rekening mag oorplaas) met R _____ (bedrag in woorde) _____

te debiteer ten opsigte van Vriende van Die Oord aan die Oord PV3 op die _____ dag van elke maand met
ingang van _____ 20 _____.

Ek/Ons verstaan dat die onttrekksings wat hiermee gemagtig word, deur 'n rekenaar verwerk sal word deur middel van 'n
stelsel bekend as die ABC-magneetbanddiens, en ek/ons verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op
my/ons bankstaat of op 'n bygaande strokie gedruk sal wees.

Ek/Ons stem toe tot enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorder opdrag te betaal.

Hierdie magtiging kan deur my/ons gekanselleer word deur u skriftelik dertig dae kennis te gee per e-pos, maar ek/ons
verstaan dat ek/ons nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u ontrek het, terwyl die magtiging van krag was,
indien sodanige bedrae regtens aan u verskuldig was nie.

Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteeken te op hierdie dag van 20

Gemagtigde Handtekening



Aloe peglerae



DIE OORD PV 3

Die Peglerae Vereniging vir die Versorging van persone met
verstandelike gestremdheid
(Afgekort PV3)

The Peglerae Association for the care of persons with mental disability
(Abbreviated PV3)

FI / FR NR.: 001-423 NPO

Posbus / P.O. Box 934 Brits 0250

Email: oordpv3@iafrica.com

Web: www.oordpv3.co.za

086 574 9774

Tel: (012) 253 0750/1/2/3

Faks / Fax: 086 249 7556

SLUIT AAN BY: "VRIENDE VAN DIE OORD"

Die feit dat u hierdie skrywe ontvang het, beteken dat u dalk reeds iemand ken wat 'n kind op Die Oord laat versorg.

Indien nie, Die Oord PV3 is 'n fasiliteit vir die lewenslange versorging van volwasse verstandelik ergi gestremde persone. Die geboue is in 1980 opgerig, en kan 180 inwoners huisves. Dit is geleë tussen Brits en Harbeespoort in die Noordwes Provinsie, Suid Afrika. U kan meer hieroor uitvind deur die ons webwerf te besoek by www.oordpv3.co.za.

Die Oord het deurlopend 'n maandelikse- en jaarlikse kontantvloei tekort, hoofsaaklik as gevolg van deurlopende instandhouding, kapitale instandhouding en spesiale projekte soos die oprigting van foto-voltiese sonpanele om die hemelhoë elektrisiteitsrekening die hoof te bied. Dienaar eenkomstig beplan Die Oord om 1 000 "Vriende van Die Oord" te werf om elkeen ten minste R100/US\$10/E10 per maand dmv 'n debietorder/aftrekorder aan Die Oord te skenk, vir so lank as moontlik. Die feit dat baie inwoners hulle ouers oorleef, maak hierdie fondsinsamelingspoging 'n langtermynprojek.

Onthou: Die Oord is 'n geregistreerde Nie Winsgewende Organisasie, wat Artikel 18A kwitansies kan uitrek vir u bydraes wat vir u belastingaftrekbaar sal wees.

Indien u sou belangstel om 'n "Vriend van Die Oord" te word, voltooi asseblief die onderstaande inligting om u bydrae te identifiseer.

Mag ons u naam as Vriend van Die Oord publiseer? JA _____ NEE _____

Naam en van _____

Land/Stad/Provinsie _____

E-posadres vir bedankingsbriewe _____

Geldeenheid van skenking _____ en bedrag van skenking _____

Skenkingstempo: Maandeliks _____ Jaarliks _____

U verwysing waar mee u skenking geïdentifiseer kan word _____
(FR + u van as verwysing op ons bankstaat asb)

Dankie byvooraat vir u goeie gesindheid.

Terwyl u nou hierdie goede gevoel van goede bedoelings geniet, stuur asseblief dadelik u voltooide vorm na Die Oord se e-pos adres hierbo, of kontak die Uitvoerende Hoof, me Benita Theron, wat aan u Die Oord se bankbesonderhede sal verskaf vir u aftrekorder.

Vriendelike Oordgroete

BCTHERON
UITVOERENDE HOOF



LEWENSBROOD

2019

Januarie 2019 - Januarie 2020

Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger wees nie.



LEWENSBROOD
Geloofsgraan vir elke dag

U sal eersdaag u
bestellings ontvang